

# Dié handpomp gooi water!

Mev. Louise Coetzee moes haarself oortuig dat die handpomp werk. Die pomp is voor die waenhuis by die Eerste Raadsaal in St. Georgesstraat opgesit en pomp silwerskoon drinkwater. Dié pomp sal hopelik help om klein kinders te laat begryp dat water uit die grond kom en nie sommer net uit 'n kraan nie.



Die waenhuis agter die Raadsaal is onlangs voltooi. Sodra 'n voldoende aantal ou voertuie wat deur diere getrek is gerestoureer en 'n paar uitstalpanele gereed is, sal die waenhuis vir besigtiging oopgestel word.

Intussen soek die Museum se historikus knaend na 'n sleet — dit moet 'n egte miksleet wees wat baie gebruik is. Enigiemand wat weer waar ons so 'n sleet kan raakloop moet asseblief vir Hannes Haasbroek skakel by (051)79609.

## Komitee van Hoofde van Kulturele Instellings

Soos wat die naam aandui, is hierdie Komitee saamgestel uit die Direkteure van dié Kulturele Instellings wat koördineer met die Departement Nasionale Opvoeding om wedersyds beleid en behoeftes te bepaal.



Photo: Marius Garb

